17 Maart 2010

OUEROMSENDBRIEF 10/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Die mens as 'n verhoudingswese

Die kind, soos die volwassene, staan benewens ander verhoudinge ook in verhouding met homself.

Die wil van die kind en sy gemotiveerdheid (konatiewe) stel hom in staat om werk te verrig. Al het hy die wil maar is nie gemotiveerd nie, sal die kind nie sukses behaal nie. Benewens die kind se wil en gemotiveerdheid funksioneer ook sy kognitiewe (in gewone taal verstand van die kind) en die affektiewe (of die gevoel) van die mens. Hierdie drie bepaal 'n kind se ingesteldheid.

Ingesteldheid is die manier hoe die kind sy skoolwerk ervaar. Faktore wat ingesteldheid bepaal is persoonlikheid, vorige ervaring, die kind se agtergrond, verwysingsraamwerk en selfs kultuur. Ingesteldheid kan negatief of positief wees.

Die kind se ingesteldheid kan ook bepaal word deur beheer. Die sielkundiges praat van lokus van beheer. As iemand van buite die kind beheer, hiet en gebied, sy werk vir hom doen en voorskryf hoe hy/sy dinge moet doen, praat, ons van eksterne lokus van kontrole. Ouers is dikwels kinders se eksterne lokus as hul hul kinders se skoolwerk namens hul doen. Dit het nie noodwendig positiewe langtermyn gevolge nie.

Dit is meer dikwels voordelig dat kinders self hul werk doen, self lees, self skryf en leer en sy tyd en energie gebruik om self sy/haar werk te doen. Sulke kinders neem self beheer van hul lewe en vorder veral goed as hul met 'n positiewe ingesteldheid werk. Hul prestasie lê gewoonlik die basis vir verdere sukses.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A ,
H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N
D I E S K O O L G E R E E L D . S ê U I S ' N O U E R V A N
B A K E N K O P A S U ' N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N
D I E S K O O L K R Y ' N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0
K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E
V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

Hierdie beginsel geld veral toenemend soos wat kinders groter word. Kinders in graad 7 behoort hul eie lokus van kontrole positief self te beheer.

Bronne: 1. Jacobs Everd, 2007, p.36-44. Lux Verbi.

2. OUERAAND – BELANGRIKE DATUM VERANDERING

GR. R – GR. 7 (Sien ook vorige omsendbrief)

Let asb. daarop dat die oueraand van 15 Maart 2010 <u>verskuif na 19 April 2010 om 17:00 tot 19:00.</u>

Om 19:00 versoek ons dat alle Gr. 4 ouers asb. in die saal bymekaar kom vir 'n spesiale Gr. 4 vergadering op 19 April 2010.

3. BAKIEJOLLERS 2010

<u>Belangrike datums om te onthou</u>:

20 Mei 2010	**-**	**Kleedrepitisie**
20 Mei 2010	**-**	**GALA-AAND**
24-28 Mei 2010	**-**	**Tshwane Jeugkunstefees: Oudisie**
29 Julie 2010	**-**	**Laerskool Garsfontein**
20 of 29 Augustus 2010	**-**	**Conspirito**

4. SKAAK

Daar word elke Woensdagmiddag van 13:30 tot 14:00 in Juf. Ilze Grobbelaar se klas, kamer G11 geoefen. Alle leerders is welkom.

5. SENIOR KOOR

<u>DATUMS</u>

Hierdie is die volledige program vir die jaar. Bewaar op 'n veilige plek en moet asseblief nie ander reëlings tref op hierdie datums nie:

Woensdag	**24 Maart**	**-**	**Geen oefening.**
Donderdag	**22 April**	**-**	**Notepret aand**
Maandag	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert**
Woensdag	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand**
Woensdag	**28 Julie**	**-**	**Garsfontein kinder kultuurfees.**

Die datum vir Radio Kansel Tehita kompetisie waaraan ons gaan deelneem is nog nie bekend nie.

Alle uitstaande T-hemp (R60) en uitstappie geld (R65) moet <u>DRINGEND</u> betaal word.

6. REINIER JOUBERT

Op Vrydag 26 Maart 2010 gedurende skooltyd, tree Reinier Joubert (deelnemer Super Sterre en oud-Bakie) op. Die voorreg om die konsert by te woon en gewone klere aan te trek op dié dag as die skool sluit, beloop R10.00. Alle geld wat ingesamel word sal geskenk word aan Steve Biko Hospitaal se "Beautiful Noise Kogleêre Inplantingsprojek". Ons hoop al die Bakies ondersteun ons in hierdie baie belangrike projek.

7. POS VIR BEMARKER BY LAERSKOOL BAKENKOP

Die Beheerliggaam het dit goedgekeur dat 'n Bemarker by Laerskool Bakenkop aangestel moet word. Ons wil graag die pos vul uit ons ouers of personeel se geledere. Die bemarker sal verantwoordelik wees vir bemarking sowel as fondsinsameling. Salaris is onderhandelbaar. Aanvangsdatum: 1 Mei of so gou moontlik daarna. Stuur asb. CV's aan liezl@laerskoolbakenkop.co.za of handig dit in by die skoolkantoor vir aandag Liezl Walters-van Jaarsveld.

Navrae kan gerig word aan Mev. Thea Bruwer by 083-414-7004 of e-pos cobus.bruwer@telkomsa.net. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 11:00 op 26 Maart 2010.

8. SWEETPAK VOORRAAD BY SNOEPIE

Daar is nog die volgende voorraad sweetpakbaadjies en broeke by die Snoepie beskikbaar:

Baadjies	**-**	**5-6 jaar**	**-**	**15 oor**
	-	**7-8 jaar**	**-**	**3 oor**
Broeke	**-**	**7-8 jaar**	**-**	**5 oor**
	-	**11-12 jaar**	**-**	**4 oor**
	-	**13-14 jaar**	**-**	**2 oor**
	-	**Medium**	**-**	**3 oor**
	-	**Large**	**-**	**4 oor**
	-			

Baadjies : R230.00 (R385.00 by Uitrusters)

Broeke : R120.00 (R200.00 by Uitrusters).

9. KOPLUISE

Daar is weer kopluise in die skool. Sal u asseblief help deur mooi te kyk of daar by u kind kopluise of nete is. Dokters en apteke het raad.

Saam kan ons hierdie kopluis-ongediertes hokslaan. Help asseblief.

10. FOTO'S
Klas- en individuele foto's word op Donderdag, 18 Maart 2010 geneem.

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF